NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 27
13AUGUSTUS 2017



OGGENDDIENS 09:00

Lees: Johannes 6:48-71
Kernvers: Ef.6:14
Tema: God verwag dat ek met 'n opregte hart in sy koninkryk teen die bose sal veg
Sang: Ps.84:1; Ps.98:1,2; Ps.9:1,7; Ps.38:1,17; Ps.46:1,6; Ps.48:4,5

God verwag van my om vir Hom teen die bose te veg
Ek kan maklik verlei word om halfhartig te wees en terug te deins
God gee my die geestelike krag om opreg te bly
Ek wys ek is opreg deur openlik vir God te wees

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)
By die deure: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)

Spesiale Kollekte: Aand kollektes:
13 Augustus: GKSA Teologiese Studentekas
27 Augustus: GKSA Teologiese Studentekas

KALENDER

AUGUSTUS

13 Voorbereiding; Diakonie: Kinderhuisprojek; Lektuur (voor die erediens)
19 Kameeldrift tee
20 Nagmaal; Kategete; Wyksverteenwoordigerbyeenkoms; Nagmaalete
24 Etiekgesprek; Diakonie
27 Bewaring en Herwinning
28 Emosionele Ondersteuning

SEPTEMBER

2 Diakonie: Lengteontbyt
3 Lektuur: Lenteboekuitstalling
7 Etiekgesprek
9 Bybelvasvra
13 Finansies
14 Seniorlidmate: Ete; Etiekgroep
16 Diakonie: Bosberaad; Diakonie: Inryfliek
20 Administrasie
21 Etiekgesprek; Diakonie
23 Terreinbespreking
25 Susters: Bestuur
28 Etiekgesprek
29 Skole sluit

OKTOBER

9 Skole open; Seniorlidmate: Bestuur
12 Seniorlidmate: Ete; Musiek; Etiekgesprek
15 Koakonie: Kinderhuisprojek
18 Etiekgesprek
19 Diakonie

MEELEWING

Op hierdie mooi oggend so vars en fris word ek weereens bewus van U Grootheid Heer. Mag ek vra dat U my sal lei en bewaar, familie en vriende te koester en te spaar. Skenk ons U vrede, krag, genade en liefde Heer.

VERJAARSDAE Gelukkige verjaardag!

Geb dat	Noemnaam	Van	Wyk	Landlyn	Selfoon
15/08	Amike	Van De Wetering	B1		0845813100
15/08	**Louis**	**Van Wyk**	**D5**	**0125424577**	**0824672589**
17/08	Vernon	Bronkhorst	D3		0767545622
19/08	**Susan**	**Dreyer**	**A4**	**0125422253**	**0761035571**
19/08	Chanelle	Koekemoer	B1		0790587641
19/08	Shawn	Mey	D3		0720729269

SENIORLIDMATE

Seniorlidmate-ete

Die volgende ete is DV Donderdag 10 Augustus om 12:00 in die kerksaal.
Die spyskaart is soos volg: Hoenderpastei, rys, brokkoli- en blomkoolgereg, soetpatats, slaai en souskluitjies.
Lidmate wat die ete wil bywoon, moet asseblief jul name op die lys op die susterskennisgewingbord skryf.
Onthou asseblief eie eetgerei en drinkgoed.

BYBELSTUDIE

Amandasig: Donderdag 17 Augustus 2017 (10:00) Huis Nr 37. Kontak Annatjie Briel 0125656046/+27723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

Eden: Dinsdag 15 Augustus 2017 (09:30) by Simon Lessing (nr 6) Kontak: Dina Leibowitz 0125425141/ +27833204566 (1ste en 3de Dinsdag van die maand)

Snr 2000: Dinsdag 22 Augustus 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 22 Augustus 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

FINANSIES

My dankoffer: Hoe moet ek die begrip "tiende" verstaan?

In die Ou Testament loop ons die begrip "tiende" raak. "Tiende" is die naam van die dankoffer wat die Verbondsgod vir sy verbondsvolk, dit is vir sy kerk, ingestel en beveel het om na te kom.

In die Ou Testament het die "Tiende" werklik 'n tiende van 'n mens se inkomste beteken. Soos die nuwe kalweroes verby die beesboer gestap het, moes hy elke tiende kalf uitkeer as sy dankoffer vir die Here. Die graanboer moes weer elke tiende gerf koring uitkeer as sy dankoffer. Van hierdie tiende het 'n deel na die tempel van die Here gegaan en 'n deel na die paleis van die koning. Naas die "Tiende" was daar egter ook ander offergawes wat die verbondsvolk moes gee. Die "Tiende" was dus net 'n deel van die verbondsvolk se dankoffers. Vir die bou van die tempel moes Israel bykomende dankoffers gee **(1 Kron.29:1-9.)** Die eerstelinge van alles moes ook aan die Here geoffer word. Die eerste seun en elke eersteling van die onrein diere moes vir vyf en vyftig gram silwer losgekoop word **(Lev.18:16.)** Die eerstelinge van die beeste, skape en bokke moes geslag en aan die Here geoffer word **(Lev.18:17.)** Hulle bloed moes teen die altaar gesprinkel word. Die vet moes verbrand word en die vleis is na die priesters dat hulle kan leef.

In die Nuwe Testament na Christus se kruisiging en opstanding het die dieper betekenis van die "Tiende" duideliker na vore gekom. *"Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig, en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker jullehulle het na vermoë, ja, bo vermoë bygedra. Uit eie beweging het hulle by ons aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil"* **(2 Kor.8:1-5.)**

Hieruit is die volgende duidelik:

"Tiende" is baie meer as net 'n optelsom. Reeds in die Ou Testament was die verbondsvolk se dankoffers meer as bloot 'n tiende van hulle oes. Die tiende is in werklikheid direk verbind aan die seën wat die Here gee. Hoe meer die seën, hoe meer die dankoffer, selfs meer as 'n tiende van die oes.

Die “eerstelinge” wys daarop dat ek my dankoffer vir die Here gee met die gesindheid dat die Here eerste in my lewe is, dat alles wat ek het, aan Hom behoort, dat my dankoffer vir die Here belangrik is en nie net ‘n uitgawe in my begroting wat ek aangaan indien dit moontlik is nie. Hierby kom nog die beginsel dat my dankoffer die beste moet wees, wat ek vir die Here kan en wil gee.

Daar is ‘n direkte verband tussen “Tiende” en my verhouding met die Here. Wanneer ek naby die Here leef, gee ek my dankoffer na my vermoë en selfs bo my vermoë.

SUSTERS

Teebeurte

Augustus: A3 en A4 September A5 en A6

Nagmaalete

Daar is weer geleentheid om as gemeente saam te eet na die nagmaaldiens op 20 Augustus. Die ete begin so teen 11:30.

Bring asseblief eie eetgerei, drinkgoed, ‘n vleiskos en ‘n bykos. Die susters verskaf die nagereg.

Skryf asseblief jou naam op die lys by die susterskennisgewingbord as jy wil saam eet.

Eljada Huis

Die volgende word dringend benodig: boksmelk, suiker, gewone en rooibostee, soja, grondboontjiebotter, konfyt, soppoeier, koekmeel, wheatbix, koffie, boeliebeef, blikkies gemengde groente, kookolie, makaroni, rys, Bovril, mayonaise, kondensmelk en kookolie. Die LNR besoek Eljada huis om hulle advies te gee oor die plant van groente. Ou buitebande en leë 25kg sakke word hiervoor benodig. Die kontakbesonderhede van die tehuis is: 012 377 0503 / 060 984 0809 (Annatjie) / 079 377 5711 (Petro) Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.

Etiekgesprekke

Die etiekgesprekke het weer begin vir 2017. Die volgende byeenkomste is DV soos volg:

Aandgroep - Donderdag 10 Aug om 19:00 by die pastorie

Oggendgroep - Donderdag 17 Aug om 9:00 by die pastorie

Die onderwerp vir die betrokke byeenkomste is “’n Christelike perspektief op gasvryheid”.

Alle lidmate, broeders en susters is hartlik welkom om saam te kom kuier en lig uit die Bybel te kry.

BEWARING EN HERWINNING

Niks kan weggegooi word nie. Die item word net na ‘n ander terrein op die aarde verplaas. Bottels, papiere, plastiek, blikkies ens gaan dalk asblik toe maar wat daarna? Hierdie items gaan ashoop toe waar dit spasie opneem en dalk baie, baie jare neem om te vergaan. Deur te herwin help ons dat minder grondspasie vir ashope gebruik word, minder grondstowwe en kosbare water gebruik word om weer ‘n blikkie of bottel te maak en die heel belangrikste dat die aarde in opdrag van God bewaar word. Herwin deur die proses by die huis, kantoor of skool te begin deur verskillende items skoon te maak en te skei.

Mpact, voorheen Mondi, stel ‘n liggroenhouer op ons kerkterrein (langs die omheining van die huurhuis) beskikbaar sodat papier daarin geplaas kan word wat deur verskillende prosesse uiteindelik dalk as ‘n ander soort item op die winkelrakke kan verskyn. Voordat jy papier inhandig vir herwinning kyk eers hoeveel jy self daarvan weer kan gebruik bv om boeke oor te trek, as geskenkpapier te gebruik,of om pragtige koeverte te maak van mooi tydskrifprente. Hergebruik kos niks en spaar kosbare grondstowwe. As iets nie meer hergebruik kan word nie kan dit steeds herwin word. Deur bv een ton papier te herwin word 26,498 liter water bespaar.

Hou herwinbare papier skoon en droog – die kwaliteit is belangrik vir ‘n goeie herwinde eindproduk.

Herwinning het verander van bloot ‘n handige omgewing gefokusde aktiwiteit tot ‘n volledig geintregreerde besigheidsbedryf wat werk verskaf aan duisende mense en miljoene rande vir die land se ekonomie verdien.

Verskeie aktiwiteite word aangebied om die publiek bewus te maak van herwinning ondermeer die “National Clean-up and Recycling Week” van 11 tot 17 September 2017 terwyl daar op Saterdag 16 September spesifiek gefokus word op herwinning in die vorm van “National Recycling Day”. Vier hierdie geleenthede deur soveel as moontlik items te herwin eerder as om dit weg te gooi.

Volgens die Paper Recycling Association of South Africa (PRASA) word tot soveel as 66% van papier wat in Suid Afrika gebruik word herwin, wat hoog is gemeet aan internasionale standaarde.

As gevolg van beperkte hulp en stoorruimte en ‘n veilige afsetomgewing (herwinningssentrum) kan slegs A4 witpapier, alluminium koeldrank- en bierblikkies, broodsakkieknopies, glasbottels, plastiekbottels en plastiekbottelproppies by ons kerk afgegee word. Om lede van die diensgroep behulpsaam te wees met die sortering daar-

van, plaas asseblief die skoon items in die houers soos volg: ○A4 - wit papier: by die verhoog in die kerksaal, ○ander papier en glasbottels: in die onderskeie houers langs die omheining van die huurhuis, ○broodsakkieknopies en plastiek bottelproppies: by die verhoog, ○ plastiekbottels en alluminiumkoeldrank en –bierblikkies: in die houers wat daarvoor gemerk is by die buite wasbakke.

LEKTUUR
In die Mediateek 119

Boek: Ester – Die Vrou wat haar volk gered het (Ellen Traylor)

Ester, 'n weeskind uit die volk Israel, het nooit gedroom dat sy eendag saam met die koning van Persië op die troon sou sit nie, maar haar skoonheid en sjarme veroorsaak dat sy hierdie ongevraagde eer te beurt val. Die koning is so beïndruk met haar dat hy niemand anders as vrou en koningin wil hê nie.

Ester het geen vermoede gehad van God se wonderbaarlike plan met haar nie – 'n plan wat eers later onthul sou word. Sy was een van God se uitverkorenes, gekies om duisende van haar volksgenote te red en 'n geliefde heldin te word.

BANKBESONDERHEDE:

DANKOFFERS (Kerkkas)
Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr 0 6 0 3 4 0 8 8 9
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters & van

Kontak asb die kerkkantoor indien enige ander inbetalings gemaak word soos byvoorbeeld: Katkisasiehandleidings; Bybelverspreiding; Dankbaarheidsfonds; Fondsinsamelingsprojekte.

DIAKONIE (Onderstand)
Diakonie Gereformeerde Kerk Akasia
ABSA tjek rekeningnr 0 6 0 2 8 0 6 4 9
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters & van

SUSTERS
Gereformeerde Kerk Akasia Susters
ABSA tjek rekeningnr 4 0 6 4 6 9 7 8 3 5
Kode: 632005 (Pta-Noord)
Verwys: Voorletters & van

KONTAK NOMMERS

LERAAR
Ds Johan Nel
0125424712 / 0760656347
neljohan5704@gmail.com

BREE KERKRAADSKRIBA
Dirk Pelser
0828148331
dpelsergm@gmail.com

KERKRAADSKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653
simonlessing9@gmail.com

KASSIER
Kontak Finansies Voorsitter
gkakasia@lantic.net

ATTES-SKRIBA
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

NEUTEDOPPER
gkakasia@lantic.net

KERKRAAD DIENSGROEPE

Administrasie
Tinus van Wyk
012-5423963 / 0828590554

Beplanning en Bediening
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Bewaring en Herwinning
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Bybelstudie
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Eiendom
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Emosionele Ondersteuning (BvR)
Floors Pelser
012-5422970 / 0721295923

Finansies
Christo Borstlap
0829018361

Fondsinsameling
Kobus Theron
012-5422933 / 0836091471

Gasvryheid
Floors Pelser
012-5422970/0721295923

Gebed
Ds Johan Nel
012-5424712 / 0760656347

Jeug
Belydend
Wietske Theron
012-5422933/0829279748
Skoolgaande
Suzette Pëtersen
0845150523

Katkisasie
Johann Dreyer
012-5423562 / 0824628464

Kommunikasie
Dirk Theron
0722729652
WEBADRES:
www.gkerkakasia.org.za
Jaco Theron
0723599078

Lektuur
Paul Kruger
0836566299

Musiek
Manda Nel
012-5424712

Ontspanning

Senior lidmate
Simon Lessing
012-5422292/0727508653

Toerusting
Ds Johan Nel
012-5424712/0760656347

DIAKONIE

Voorsitter
Bettie Kruger
0848404222

Skriba
Dirk Theron
0722729652

Finansies
Dirk Pelser
0828148331

Onderstand
Tuané Pëtersen
0844393673

Kinderhuis
Bettie Kruger
0848404222

Funksies, Projekte
Jaco Theron
0723599078

SUSTERS

Voorsitter:
Manda Nel
012-5424712

Sekretaresse:
Franci Dreyer
012-5423562/0825426369

Tesourier:
Hetta Viljoen
0125423326/0731939017

Begrafnisse:
Martie Bishop
012-5422566/0835914171